Besigheidstudies

Graad 10

Week 8: 11 -14 Augustus

Sakegeleenthede en verwante faktore

SSGB (SWOT) analise - hulpmiddel

S – Sterk punte

- ✓ Alle positiewe dinge wat aan jou kant is
- ✓ Sluit bates in wat sake-onderneming kan help
- ✓ Enige iets wat tot voordeel van jou sakeonderneming gebruik kan word

S – Swakpunte

- ✓ Alle negatiewe dinge wat teen jou is
- ✓ Voorbeeld – onvoldoende fondse, bates, vaardighede, gebrek aan markinligting

G - Geleenthede

- ✓ Omgewingsfaktore
- ✓ Om toegang te hê tot kulinêre opleidingskool
- ✓ Toegang tot goedkoop arbeiders
- ✓ Tekort aan .... in gemeenskap

B - Bedreigings

- ✓ Persoon wat soortgelyke onderneming as joune open
- ✓ Stygende inflasie, brandstofpryse, politieke onstabiliteit, gereelde kragonderbrekings

Aktiwiteit

Lees deur die volgende scenario en stel n swot analise op. (16 punte)

Gee ook n goeie inleiding en gevolgtrekking (4 punte)

THANDI SE BESIGHEIDSONDERNEMING

Thandi is ’n ervare huiswerker en het ’n aktiewe rol in haar werkgewer se besigheid gespeel.

Haar werkgewer het Thandi gebruik om gedenkwaardighede, gemaak van ’n wye reeks materiaal uit die omgewing, aan plaaslike besighede te verkoop. Thandi is onlangs in kennis gestel dat die gedenkwaardigheidsbesigheid aan
’n nuwe eienaar verkoop is.

Thandi moet óf ’n nuwe werk vind óf haar eie besigheid begin. Sy besef dat sy oor deeglike ondervinding van die gedenkwaardigheidsbesigheid beskik. Sy oorweeg die vervaardiging van groetekaartjies asook ander produkte soos
skryfpapier, poskaarte en gedenkboeke op versoek van verbruikers teen mededingende pryse.

Sy het navorsing gedoen oor die moontlikheid om van omgewingsmateriaal gebruik te maak om aantreklike papierprodukte met ’n Suid-Afrikaanse inslag
te vervaardig en aan toeriste te verkoop. Sy sal gebruik maak van ’n reeks natuurlike grondstowwe soos natuurlike papier, gras, houtsplinters en olifant en renoster mis om daardie produkte te vervaardig wat baie gewild is as geskenke onder toeriste.

Thandi het die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie genader vir finansiële hulp.
Hulle verlang ’n omvattende besigheidsplan vir die voorgenome fabriek en ontwerpateljee in Mpumalanga naby die Kruger Nasionale Park.

Thandi beplan om brosjures van haar besigheid by alle toeristebestemmings te laat.